Hoe om stokbrood te maak

Stokbrood is altyd ‘n baie gewilde aktiwiteit en eindelik deel van Voortrekker-wees.

? Stappe

1. Jy benodig kole (vuur), stokke, bruismeel, sout, water en plastieksakkies (of mengbakkies).
2. Plaas ongeveer ‘n halwe koppie bruismeel in elke sakkie. Hou bruismeel oor om nog by te gooi indien die deeg te slap is.
3. Laat die kinders self elkeen bietjie sout bygooi.
4. Gooi min water in elke sakkie. Laat hulle die deeg meng. Gooi nog water by indien die deeg te droog is.
5. As die deeg redelik goed gemeng is, haal uit die sakkie en meng verder. Smeer kookolie aan die hande om te keer dat die deeg aan die hande vassit
6. Knie die deeg totdat dit goed gemeng is.
7. Rol die deeg met die hande sodat dit ‘n lang dunnerige stuk vorm.
8. Draai die deeg om ‘n stok. Begin van bo na onder. Die deeg moet nie te dik om die stok gedraai word nie.
9. Maak die stokbrood oor die kole gaar. Waarsku kinders voor die tyd dat geduld nodig is. Hulle moenie die stokbrood binne in die vlamme druk nie. Draai die stok sodat die stokbrood aan alle kante gaar word.
10. Die stokbrood is gaar as dit maklik van die stok afgehaal kan word. Dit moet ook bruin wees.
11. Haal van die stok af en gooi stroop of konfyt binne in.
12. Lekker eet!

☺ Wenke

1. Kry vooraf stokke vir die stokbrood. Jy kan ook besemstokke by ‘n hardewarewinkel koop. Dit werk goed en kan weer gebruik word. Dit is egter net duur.
2. Koop deeg wat klaar aangemaak is. Reël vooraf vir vetkoek- of brooddeeg by die bakkery of supermark. Hou die deeg in ‘n verkoelde plek aangesien dit uit die sakkie uit rys!
3. Maak ‘n worsie saam met die stokbrood gaar. Plaas die worsie binne in die gaar stokbrood.
4. Laat elke kind self ‘n plan beraam om die stokbrood gaar te maak sonder om dit die heel tyd vas te hou. Klippe kan bv. gebruik word.

☠ Waarskuwings

1. Die offisier moet die water by die bruismeel gooi. Kinders is geneig om te veel water by te gooi.
2. Moenie aanbied om die kinders se stokbrood gaar te maak nie. Dit is dikwels baie warm voor die vuur en die offisier staan later alleen met ‘n klomp stokbrode wat gereeld gedraai moet word!
3. Laat die kinders hande was voor hulle begin met die aktiwiteit.